

# St. Patrick

## 17 Maart

(c. 389 - c. 461)

Hierdie bekende en beminde beskermheilige van Ierland was waarskynlik van Brits-Romeinse afkoms en is in die laaste jare van die Romeinse besetting van Brittanje uit 'n Christelike gesin gebore. Dit was 'n tyd van sosiale verval en wanorde en daar was groot gedeeltes van die Britse eilande (veral Ierland) waar die jong Christelike geloof nog nie versprei het nie. Patrick is as jongman deur seerowers ontvoer en as slaaf in Ierland verkoop, waar hy onder haglike omstandighede as veewagter gewerk het. Vir hom was dié moeilike jare ook 'n tyd van geestelike groei en verdieping soos hy probeer sin maak het van al die 'waaroms' en 'hoekoms' in sy lewe. Hy slaag uiteindelik daarin om te ontsnap en keer na sy vaderland terug. Dit wil voorkom asof hy ook 'n tyd lank in Europa deurgebring het waar hy waarskynlik tot priester en miskien selfs biskop gewy is. Hy voel geroepe om die Blye Boodskap in Ierland te gaan verkondig en keer dus terug na die land van sy gevangenskap. Daar bestaan soveel verhale en legendes oor hoe hy in talle lewensgevaarlike en moeilike situasies die Evangelie onder die verskillende Ierse stamme verkondig het en ook uiteindelik die katedraalkerk in Armagh gestig het.

© Die Oratorium Uitgewery